NG Kerk
Vrystaat

**15 April 2023**

**Geagte broers en susters, gemeentes in die NG Kerk Vrystaat –**

Ons groet jul met "genade en vrede", in die Naam van Christus, die Here wat opgestaan het en leef, en aan Wie ons almal behoort.

Eerskomende Dinsdag, 18 April 2023, kom afgevaardigdes uit 153 NG-gemeentes in die Vrystaat in Bloemfontein by Universitas Geloofsentrum byeen, vir 'n buitengewone sinode-sitting. Hierdie vergadering is die uitkoms van 'n besluit deur die vorige Sinode (Maart 2022) om duidelikheid te kry oor die vraag of ons as NG Kerk Vrystaat "uit die algemene sinodale verband" van NG Kerke in Suid-Afrika moet tree, in die lig van sekere besluite en teologiese standpunte van die Algemene Sinode in 2019 en vroeër.

Volledige besonderhede en alle dokumentasie wat tot hierdie buitengewone sinodesitting gelei het, is op die webblad van die NG Kerk Vrystaat beskikbaar; u kan op die skakel hieronder ingaan en na "Buitengewone Sinodesitting" blaai:

http://www.ngkerkvrystaat.co.za

Met hierdie pastorale skrywe wil ons nogeens jul voorbidding vra vir Dinsdag se vergadering. Ons versoek gemeentes om môre – Sondag, 16 April 2023 – by eredienste, in kleiner gebedsgroepe en individueel in elk se binnekamer stil te word en die teenwoordigheid van God rondom hierdie aangeleentheid op te soek. Ons wil vra dat daar gebid sal word vir...

- 'n Nederige gees, gehoorsame hart en die gesindheid van Christus in elke afgevaardigde na die Sinode;
- 'n Veilige reis na én van Bloemfontein en Universitas Geloofsentrum vir almal;
- 'n Bediening van die Woord en Gees in ons lof en aanbidding van God tydens die Sinode;
- 'n Opregte soeke na die wil van God deur ons gesprekke en prosesse om tot 'n besluit te kom; en
- 'n Uitkoms aan die einde van die dag wat tot God se eer sal strek, en tot opbou van sy Kerk en uitbreiding van sy Koninkryk hier in ons Vrystaatstreek.

Ons onderneem om ná afloop van die Sinode die besluite wat geneem is, aan u deur te gee.

Met dank vir u aandag en gebede,

**Ds. Jan Lubbe**
**Voorsitter: Moderamen**
**NG Kerk Vrystaat.**